

Hoofstuk: 5 Paragraaf: 4.	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
<p>Die mag van God, waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bevestig en bewaar, is so groot dat hulle nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie. Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle - deur hulle eie skuld - in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begeerlikhede van die sondige natuur verlei word en dit navolg nie.</p>	1 Efesiërs 1:19	<p>en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte ...</p>	<p>en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag</p>
	2	Matteus 26:41	<p>Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.</p>
1 Tessalonisense 5:6		<p>Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.</p>	<p>Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en nugter wees.</p>
1 Tessalonisense 5:17		<p>Bid sonder ophou.</p>	<p>Bid gedurig.</p>
<p>Daarom moet hulle voortdurend waak en bid dat hulle nie in versoekings gelei word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot groot en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook inderdaad, onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei.</p>			

Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges, wat vir ons in die heilige Skrif beskryf is, bewys dit.	2 Samuel 11		
	3 Matteus 26:69-75	En Petrus het buitekant gesit in die binneplaas van die paleis, en 'n sekere diensmeisie het na hom gekom en gesê: Jy was ook by Jesus, die Galiléër! Maar hy het dit voor almal ontken en gesê: Ek weet nie wat jy sê nie. En terwyl hy uitgaan na die poort toe, sien 'n ander diensmeisie hom en sê aan die wat daar was: Hierdie een was ook by Jesus, die Nasaréner. En met 'n eed ontken hy dit weer: Ek ken die man nie. Maar 'n bietjie later kom die wat daar staan, en sê vir Petrus: Waarlik, jy is ook een van hulle, want ook jou spraak maak jou bekend. Toe begin hy homself te verwens en te sweer: Ek ken die man nie. En dadelik het die haan gekraai, en Petrus het die woord van Jesus onthou wat Hy vir hom gesê het: Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween.	Petrus het buite in die binnehof gesit toe 'n diensmeisie na hom toe kom en sê: "Jy was ook saam met Jesus die Galileër." Maar hy het dit voor almal ontken: "Ek weet nie waarvan jy praat nie." Hy gaan toe na die uitgang van die binnehof. Daar sien 'n ander diensmeisie hom en sê vir dié wat daar staan: "Hierdie man was saam met Jesus van Nasaret." Weer het Petrus dit ontken en met 'n eed gesê: "Ek ken die man nie!" 'n Rukkie later kom die manne wat daar staan, na Petrus toe en sê: "Dit is waar, jy is ook een van hulle. 'n Mens kan dit aan jou spraak hoor." Toe begin hy vloek, en hy sweer: "Ek ken die man nie!" En op daardie oomblik het daar 'n haan gekraai. Toe val dit Petrus by wat Jesus gesê het: "Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën." En hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.